


# ANTWOORDE OP **MOEILIKE VRAE**



# MAAK DIT WAT GEBEUR HET JOU **BANG?**

Slegte dinge gebeur dikwels in ons wêreld. Dit kan baie mense beïnvloed, selfs jou gesin ook. Wanneer slegte dinge gebeur is dit natuurlik om bang, hartseer of selfs kwaad te wees. Baie mense is dalk dood, beseer of het pyn op ander maniere. Dit is verstaanbaar dat jy hulpeloos of kwaad voel. Dalk is jy bang dat nóg iets anders kan gebeur.

Jy voel dalk baie hartseer en wil huil. Partykeer laat huil jou beter voel. Moenie daaroor skaam wees nie. Die Een ware lewende God weet hoe jy voel en Hy verstaan. Hy is ook hartseer wanneer slegte dinge gebeur.

Hier is 'n paar vrae wat jy dalk kan hê:

Weet God van my en gee Hy vir my om?

Waarom gebeur daar so baie slegte dinge in die wêreld?

Hoe kon God toelaat dat dit gebeur?

Hoe kan ek deur hierdie slegte tyd kom?

Oor watter dinge is jy nou bekommerd? Skryf dit in die blokkie hier onder.

Copyright © 2002, 2012, 2016 Child Evangelism Fellowship Inc. Version 5.0
Translation © 2020 CEF. All rights reserved. Do You Wonder Why? Booklet in the Afrikaans language.

# WEET GOD VAN MY EN GEE HY **VIR MY** OM?

Ja! Die lewende God kén jou en gee vir jou om. Hy weet alles. God het die hele wêreld gemaak en Hy weet wat in elke deeltjie daarvan gebeur – niks is vir Hom 'n verrassing nie. Hy weet van ongelukke, oorloë en skietery. Hy weet van erge storms, oorstromings en aardbewings. Hy weet wat met jou en jou gesin gebeur. Hy gee om oor dit wat jy dink en hoe jy voel. Hy ken die vrae wat in jou gedagtes is. Dit lyk dalk asof niemand regtig verstaan waardeur jy gaan nie, maar God verstaan. Skryf op die lyne hieronder, hoe jy voel oor dit wat gebeur het.




________________________

______________________

____________________

________________

God ken jou nie net nie, maar Hy het jou lief ten spyte van wat jou gedagtes en gevoelens is. In die Bybel sê God dat Hy jou liefhet met 'n ewige liefde (Jeremia 31:3). God het jou gemaak en Hy ken jou beter as enige iemand anders. Dalk het jy nog nooit baie oor God gedink nie, maar Hy dink baie oor jou. Hy wil hê dat jy moet weet dat Hy in beheer van alles is, al lyk dit dalk nie so nie. Al gebeur slegte dinge in hierdie wêreld, is God heeltemal goed. Hy doen nooit iets wat verkeerd is nie. Hy is heilig – volmaak en rein. Jy kan God vertrou selfs al gaan alles rondom jou verkeerd.





# WAAROM GEBEUR DAAR SO BAIE **SLEGTE DINGE** IN DIE WÊRELD?

Waarom is daar rampe soos brande en oorstromings? Waarom is daar gevegte en dood? Slegte dinge soos hierdie was nie altyd hier nie. Toe God die wêreld gemaak het, het Hy alles goed gemaak. Wat het gebeur? Waarom het dinge verkeerd gegaan?

Dit het begin toe die heel eerste mense gekies het om nie na God te luister nie. Inplaas daarvan om aan God gehoorsaam te wees, het hulle gedoen wat hulle wou. Om ongehoorsaam aan God te wees word sonde genoem. Toe sonde in die wêreld gekom het, het dit God se volmaakte Skepping lelik gemaak. Slegte dinge in die natuur het begin gebeur – dinge soos orkane, tornados, en aardbewings. As gevolg van sonde het pyn en dood in die wêreld gekom.

Nog erger is dat almal wat daarna gebore is, met sonde gebore word. As gevolg van sonde doen mense dinge wat ander seermaak, soos om lelike dinge vir mekaar te sê, te haat, te baklei, dood te maak en te steel.

Jy kan nie verantwoordelik gehou word vir vreeslike storms of aardbewings nie. 'n Kind kan nie verantwoordelik gehou word vir sy ouers se egskeiding nie. Dit is nie sy skuld nie.

Maar jy en ek doen dinge wat vir God ongelukkig maak en ons sonde hou ons weg van God wat heilig is. As gevolg van die sonde is daar pyn en dood. Die Bybel sê dat sonde in die wêreld gekom het en die dood gebring het. (Romeine 5:12)

Aan watter dinge kan jy dink wat sonde is?

Sonde bring baie slegte dinge in die wêreld, maar God is nog steeds in beheer. Hy besluit wat Hy sal toelaat om te gebeur en nie sal toelaat nie.







# HOE KON GOD **TOELAAT** DAT DIT GEBEUR?

Soms laat God slegte dinge gebeur wat ons nie verstaan nie. Hierdie dinge is die gevolg van sonde. God het die mag om mense te keer om sonde te doen, maar Hy het vir hulle die vryheid gegee om te kies – selfs slegte keuses. God het die mag oor die natuur ook, maar Hy keer nie altyd die storms of brande nie.

Alhoewel sonde veroorsaak dat slegte dinge gebeur kan God nog iets goed daaruit laat kom. Mense begin dikwels meer omgee vir mekaar. Party sal selfs hulle lewens waag om

ander te help. Nog belangriker is dat mense meer oor God begin dink en oor wat Hy vir hulle beteken. Noem 'n paar goeie dinge wat jy al gesien het wat mense doen wanneer iets sleg gebeur het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

God is nog in beheer al lyk dit dalk asof Hy nie is nie. Jy kan dalk nie verstaan waarom God dit laat gebeur nie. Maar jy kan weet dat God ook hartseer is wanneer jy hartseer is. God is in die swaarkry-tyd ook daar. Hy verstaan as jy hartseer of deurmekaar voel. Hy weet hoe jy voel en gee ook daarvoor om. Hy het jou lief. Wanneer God toelaat dat so iets gebeur, wil Hy saam met jou daar deurgaan.



# HOE KAN EK DEUR HIERDIE **SLEGTE TYD** KOM?

Dit maak nie saak wat gebeur nie, God kan jou help om daardeur te kom. As jy sy kind word sal Hy vir jou, as deel van sy familie, sorg. God is nie soos aardse pa's nie – Hy is volmaak. Hy wil jou liefdevolle Hemelse Vader wees en wil jou troos in hierdie swaarkry-tyd.


God woon in die hemel, dit is Sy volmaakte huis. Sy enigste Seun Jesus woon ook daar. Omdat God heilig is kan Hy nie die sonde in die wêreld ignoreer nie. Sonde moet gestraf word. Die Bybel sê dat die straf vir sonde die dood is (Romeine 6:23). Dood beteken dat jy vir ewig, in 'n aaklige plek, weg van God is. God se plan om die sonde-probleem op te los, was om Sy Seun te stuur om die straf te kry wat ek en jy verdien.

God het Sy Seun Jesus as 'n baba na die aarde gestuur. Omdat Hy die Seun van God is, is Jesus die enigste Een wat nooit sonde gedoen het nie. Hy het groot geword en nooit iets verkeerd gedoen nie. Toe het die dag gekom wat Jesus die straf vir jou sonde moes kry. God verstaan die slegte dinge waardeur jy gaan omdat Hy ook swaar gekry het. Hy het gesien hoe mans Sy Seun gevat het en Hom aan 'n kruis vasgeslaan het. Jesus het ook swaar gekry. Sy bloed het geloop en Hy het op 'n aaklige manier doodgegaan. God het geweet dat dit die enigste manier was hoe jou sonde vergewe kon word.



Jesus was gewillig om vir jou te ly en te sterf. Die Bybel sê dat Jesus aan die kruis dood is en op die derde dag het God Hom weer lewend gemaak (1 Korintiërs 15:3-4). Ons weet dit is die waarheid omdat baie mense Jesus lewendig op aarde gesien het voordat Hy teruggegaan het Hemel toe om by God Sy Vader te wees. Hy lewe vandag in die Hemel.

God se plan om Sy Seun te stuur, wys hoe baie Hy jou liefhet! Hy wil graag hê dat jy deel van Sy familie sal wees.



# HOE KAN JY DEEL WORD VAN **GOD SE FAMILIE**?

*Die* Bybel sê dat elkeen wat Jesus aanneem en in Sy naam glo, 'n kind van God word (Johannes 1:12).

Om in Jesus te glo is om heeltemal te vertrou (te wéét) dat Hy vir jou sonde gesterf het sodat jy vergewe kan word. As jy Jesus vertrou as die enigste Een wat jou van jou sonde kan red, sal God jou verander en jou Sy kind maak. Glo jy in Jesus? Jy kan woorde soos hierdie gebruik om vir God te sê:

*Liewe Here, ek weet ek het gesondig en ek is jammer. Ek glo dat Jesus U Seun is en dat Hy vir my gesterf het en weer opgestaan het. Ek neem Jesus aan as my Verlosser. Dankie dat U my U kind maak. In Jesus se naam. Amen.*

Wanneer jy Jesus as jou Verlosser aangeneem het, is jou sonde vergewe en is jy God se kind. As jy vandag in Jesus glo, kan jy jou naam en vandag se datum op die lyne hieronder skryf. Dit sal jou help onthou wanneer jy vir God gesê het dat jy in Jesus glo.

Naam ________________________ Datum ______________

# AS JOU HEMELSE VADER, SAL **GOD JOU TROOS.**

As jou Hemelse Vader sal God jou help om die seer wat jy nou het, gesond te maak. Eendag sal jy saam met God in die Hemel gaan bly, daar waar geen swaarkry, hartseer of dood is nie. Wanneer Jesus terugkom aarde toe, sal Hy al die probleme wat in hierdie wêreld deur sonde veroorsaak is, wegneem. Hy sal dit weer alles regmaak.

Jy kan enige tyd oor enige iets met Hom praat. Om met Hom te praat beteken om te bid. Jy kan vir God vertel van die dinge wat jy in hierdie boekie geskryf het. Jy kan vir Hom dinge vertel wat jy vir niemand anders wil vertel nie. Waaroor wil jy sommer nou graag met God praat?

Skryf dit op die lyntjies hier onder:

God sal jou gebed hoor en antwoord. Beteken dit dat niks sleg ooit weer sal gebeur nie? Nee, slegte dinge sal altyd in ons wêreld gebeur. Maar jy kan weet dat God altyd by jou sal wees. Hy het belowe dat Hy jou nooit alleen sal los nie (Hebreërs 13:5). Die Bybel sê ook dat die Here jou helper is. Jy het nie nodig om bang te wees nie (Hebreërs 13:6). Vetrou op God. Hy sal jou help om deur enige iets te kom.

God het jou so lief dat Hy Sy woorde vir jou in 'n boek gegee het wat die Bybel genoem word. Daar is baie gedeeltes in die Bybel wat jou kan help wanneer jy deur moeilike tye gaan. Jy kan hierdie verse uit jou kop leer en dit sê wanneer jy hartseer of bang voel. Onthou altyd dat God jou liefhet en jou wil help om deur swaarkry-tye te kom.

•". . . Ek [God] sal jou nooit verlaat nie." Hebreërs 13:5

•"Die Here is my Helper, ek ken geen vrees nie." Hebreërs 13:6

•"Net Hy [God] is my rots en my redding . . ." Psalm 62:3

•"Die Here is naby almal wat Hom aanroep . . " Psalm 145:18

•"God is ons vir ons 'n toevlug en 'n beskerming, Hy was nog altyd bereid om te help in nood." Psalm 46:2

# KINDERS WELKOM!

## LEER MEER OOR GOD



Video's • Liedjies • Stories

cefonline.com/4kids